

# Vuk'uzenzele



Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Mei 2021 Uitgawe 2



**Tobacco addiction:  
Your health  
could go up  
in smoke**

**Page 4**



**Door to home  
ownership  
opened**

**Page 8**

## High hopes for vaccination programme



### Allison Cooper

**E**very adult in South Africa will have the opportunity to be vaccinated against the Coronavirus (COVID-19) pandemic.

President Cyril Ramaphosa said government aims to vaccinate about 40 million people

through its vaccination programme.

He assured South Africans that an effective vaccination programme is in place and vaccines will be made available to people across the country.

Responding to questions in Parliament recently, the President said the vaccination programme is an unprecedent-

ed process.

This will be the first time in South Africa's history that a national vaccination programme aimed at adults will be rolled out.

"It is going to reach into the real heart of our country, in the rural areas, in the urban areas, and all over," he added.

The Preisdent said govern-

ment will spare no cost to protect South Africans from the pandemic.

"When it comes to ensuring the health our people by providing vaccines, the South African government is going to make sure that we pull out all stops and we will provide the finanaces to do precisely that."

Government is committed to ensuring that every person 18 years and older will be able to be vaccinated, free at the point of vaccination.

"The costs will be covered from public funds for uninsured people and medical aids for those who are insured, as part of prescribed minimum benefits," said President Ramaphosa.

### Electronic Vaccine Data System

Every person to be vaccinated must register on the Electronic Vaccine Data System (EVDS), after which they will receive details of the date and time of

their vaccination.

President Ramaphosa de-scribed the EVDS as the backbone of the vaccination programme.

"The EVDS provides an end-to-end solution that is used to digitally capture each event in the vaccination process and provides data to monitor all vaccinations administered," he explained.

Government has put measures in place to ensure that all South Africans are able register on the system.

"As many South Africans do not have access to the internet, both digital and walk-in systems will be used for registration, and people can also register on a toll-free helpline."

### Vaccination phases

The President said the first goal of the vaccination programme is to rapidly reduce the number of people who get very sick or die from COVID-19.

The second goal is to achieve 'population immunity'.

"It is estimated that population immunity will be achieved when around 67% of the country's population has achieved immunity. This amounts to around 40 million people," he explained.

The magnitude of the vacci-

**Cont. page 2**



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

**FREE COPY NOT FOR SALE**



# Robuuste media nou belangriker as ooit tevore

**O**ns woon in 'n land waar nie net joernaliste nie, maar enige lid van die publiek hulle sienings, menings en inderdaad ook hulle ontevredenheid vrylik mag uitspreek – sonder vrees vir vergelding.

Ons het 'n lang pad gestap sedert die dae waar sosiale verset deur kunstenaars met inperkingsbevele begroet is, en kritiese verslaggewing deur joernaliste die risiko geloop het van inhegtenisneming of die sluiting van die betrokke publikasies.

Die organisasie Verslaggewers Sonder Grense (RSF) het onlangs die 2021-Wêreldpersvryheidsindeks gepubliseer, 'n barometer van die toestand van mediavryheid regoor die wêreld.

Oor die algemeen het dit bevind dat daar 'n afname in openbare toegang tot inligting was en 'n toename in struikelblokke tot nuusdekking in 'n aantal lande.

Die verslag het gesê dat joernaliste "heeltemal geblokkieer of ernstig aan bande gelê word" in 73 lande en onder "streng voorwaardes werk" in 59 ander lande.

Wat kommerwakkend is, is dat mediavryheid agteruitgegaan het tydens die COVID-19-pandemie, waar die onderskeie beperkinge wat ingestel is skynbaar gebruik is om mediavryheid in verskeie plekke in te perk.

In hierdie jongste verslag lê Suid-Afrika 32ste uit 180 lande op die ranglys. Die indeks beskryf die stand van mediavryheid in Suid-Afrika



as "gewaarborg maar broos."

Dit dui aan dat alhoewel die Suid-Afrikaanse Grondwet vryheid beskerm en ons 'n gevestigde kultuur van ondersoekende joernalistiek het, daar 'n aantal struikelblokke is wat joernaliste nog steeds in die uitvoering van hulle pligte dwarsboom.

Dit sluit in wetlike beperkinge op die neem van foto's van Nasionale Sleutelpunte, of verslaggewing oor sake met betrekking tot staatsveiligheid.

Die verslag wys ook op 'n toename gedurende 2020 in die intimidasie van joernaliste, veral vroulike joernaliste, op sosiale media.

Sodanige intimidasie is totaal onaanvaarbaar, maar is veral skadelik wanneer dit op vroulike joernaliste gemik is, en gaan dikwels

gepaard met dreigemente van seksuele geweld. Dit is uiters kommerwakkend en kan nie toegelaat word.

Terselfdertyd is dit vertroostend om te weet dat ons 'n vrye, sterk media het wat sonder aansien des persoons kan verslag doen oor diegene aan bewind, oor die dringende maatskaplike kwessies van ons tyd, en wat akkurate, onpartydige inligting aan die publiek kan voorsien.

In 'n tyd waar ons saamwerk om die ekonomiese en ons samelewing weer op te bou midde-in die koronavirus-pandemie, is 'n sterk media belangriker as ooit tevore.

Die Suid-Afrikaanse media het 'n kernrol gespeel in dit wat ons vandag weet oor die ware omvang van staatskaping deur selfsugtige, kor-

rupte individue en entiteite.

Hulle het voortgegaan met beriggewing, selfs ten spyte van intimidasie, waninligting en persoonlike aanvalle.

Korrupsie is geensins die enigste uitdaging wat ons as 'n land in die gesig staar nie. Baie Suid-Afrikaners se daagliks lewens word nog steeds beïnvloed deur armoede, ongelykheid en onderontwikkeling, swak dienslewering en 'n gebrek aan toegang tot geleenthede.

Indien die media getrou wil bly aan sy verantwoordelikheid om demokrasie te ondersteun, moet ons joernaliste voortgaan om sonder aansien des persoons oor die ander kwessies van die dag verslag te doen.

Hulle volgehoue verslaggewing moet geslagsgebaseerde geweld, misdaad in

ons gemeenskappe en sosiale eeuwels soos middelmisbruik insluit.

Ons media moet akkurate en onpartydige inligting verskaf wat die publiek in staat stel om ingeligte besluite te neem, geleenthede te benut en hulle lewens te verbeter.

Hulle moet voortgaan om joernalistiek te lever wat verder strek as hoofopskrifte op voorblaai en wat bydra tot menslike ontwikkeling.

Hulle behoort oor sowel die goeie as die slechte nuus verslag te doen, oor die voordele wat ons maak en oor die uitdagings wat ons in die gesig staar.

Geloofwaardigheid is die sleutel om vertroue tussen joernaliste en die publiek te behou.

Wanneer joernaliste toelaat dat hulle of hulle platforms gebruik word om 'n politieke stryd testry of om met ander af te reken weens hulle gevestigde belang, ly hulle geloofwaardigheid daaronder.

Wanneer die media stories versprei wat onakkuraat is, of wat hulle weet vals is, verloor die publiek vertroue in hulle.

Dit is in die beste belang van almal wat hierdie land liefhet en wil hê dat dit voorspoedig moet wees, dat ons media ondersteun word en nie verhinder word om hulle werk te doen nie.

Laat ons as samelewing voortgaan om saam te werk en jaloers te waak oor ons land se mediavryheid. Ons het dit met groot moeite bekom en daarsonder kan ons nie vooruitgaan nie. 

# Tabakverslawing: Jou gesondheid kan in rook opgaan

**OM WÊRELD-GEEN-** Tabakdag op 31 Mei te vier, gesels Vuk'uzenzele met 'n herstellende tabakslaaf oor sy oorwinning oor verslawing.

Deur Kgaogelo Letsebe

**K**atlego Makhanda van Moiletswane in Noordwes weet alte goed hoe moeilik dit is om op te hou rook.

Makhanda (28) het meer as 30 sigarette per dag gerook totdat hy vier jaar gelede ophou rook het.

Hy het weens groepsdruk begin rook toe hy 18 jaar oud was.

"Ek het nie belanggestel om te rook nie – dit het my nie aangetrek nie, totdat ek in matriek was en 'n groep ouens saam met wie ek gereeld gekuier het, my begin uitsonder het omdat ek nie koel genoeg was om te rook nie."

Makhanda het aanvanklik een of twee sigarette per dag gerook, maar dit het mettertyd meer geword.

"Ná matriek is ek universiteit toe en die vryheid om nie by my ouers te woon nie, het beteken dat ek soveel alkohol



kon drink as wat ek wou. Dit het ook gemaak dat ek meer gerook het."

In 2017 het Makhanda siek geword en is gehospitaliseer. Hy is gediagnoseer met Tipe 2-diabetes en was weke lank te swak om uit die bed te klim.

"Die dokter het dit duidelik gemaak dat ek nie my siekte sou kon bestuur as ek aanhou rook nie. Dit is toe wat ek besluit het om permanent op te hou."

Dr Midah Maluleke van Mpumalanga sê rook is skadelik vir byna elke orgaan.

"Siektes soos kanker, hart-siektes, beroerte, longsiektes, diabetes en chroniese obstruktiewe pulmonêre siektes kan almal weens rook ontstaan."

"Navorsing toon dat rokers 30% tot 40% meer geneig is om Tipe 2-diabetes te ontwikkel as nierokers. Rook maak dit ook moeilik om die siekte te bestuur," sê hy.

## Wenke om op te hou rook

Die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) gee die volgende wenke as jy wil ophou rook:

- Besluit op 'n datum om op te hou rook en doen dit dan.
- Gooi alles weg wat jou aan rook herinner. Dit sluit sigaretpakkies, asbakke en aanstekers in.
- Drink baie water – dit sal help om die nikotien uit jou liggaam uit te spoel.


- Lig jou familie in dat jy probeer om op te hou rook sodat hulle jou kan ondersteun.
- Jy mag dalk lighoofdigheid, hoofpyn of 'n gehoestervaar as jy ophou rook. Dit is normaal en behoort na 'n dag of twee beter te raak, en na 14 dae te verdwyn.

Makhanda sê sy pad was nie maklik nie, maar hy is daartoe verbind om nie te rook nie.

"Die plaaslike kliniek en personeel het my ondersteun en inligting verskaf oor die belangrikheid van 'n tabakvrye lewe. Aanvanklik was die reuk van sigaretrook 'n groot versoeking, maar nou is ek gewoond daaraan," vertel hy. **V**

Vir hulp om op te hou rook, besoek jou plaaslike kliniek of kontak KANSA by **0800 22 66 22**.

## Importance of immunisation



**W**hile the world is focused on new vaccines to protect against the Coronavirus (COVID-19) pandemic, the Department of Health says it is

important to ensure that routine vaccinations are not missed.

"In South Africa, about 298 935 children missed their routine immunisation since the beginning of the

COVID-19 lockdown, which suggests that they might be vulnerable to childhood diseases," says the department. Missing routine vaccinations leaves children at risk of serious vaccine preventable

diseases including measles, polio, whooping cough, tetanus, diphtheria, hepatitis B, TB, haemophilus influenza, diarrhoea and pneumococcal infections, which claims hundreds of millions of lives.

The department has partnered with various stakeholders to embark on a countrywide immunisation catch-up drive to ensure that children are up-to-date with their immunisation schedule.

This is especially important for those who missed routine vaccinations and other child health services as a result of interruptions caused by COVID-19.

"Immunisation saves millions of lives every year and is widely recognised as one of

the world's most successful health interventions.

"In this context, this year's campaign will aim to build solidarity and trust in vaccination as a public good that saves lives and protects health," says the department.

To ensure the safety of children and healthcare workers, parents, caregivers and other community members must comply with all COVID-19 protocols when visiting health facilities for child immunisation and other health services.

If your child has missed any of their routine immunisations take him or her to your local clinic for further assistance. **V**

**- SANews.gov.za**